

REDAKSIONEEL

In hierdie uitgawe van Skrif en Kerk plaas ons drie bydraes van persone buite ons Fakulteit.

Prof J.J.L. Coetzee van die departement Bedryfsielkunde en hoof van die Eenheid vir mannekragbenutting van die Vaalriviervak van die PU vir CHO het op 28 Julie 1982 'n lesing gelewer vir ons finale jaar studente. Ons dank hom dat ons sy lesing kan opneem in ons blad en sodoende ook aan 'n wyer publiek beskikbaar stel.

Dr T. Middendorp, predikant te Stäfa, Switserland, het sy studieverlof vanaf September 1982 tot Februarie 1983 by ons Fakulteit deurgebring. Ons is bly dat ons op die wyse met hom kon kennis maak en ook 'n bydrae van hom kan opneem.

Tydens 'n interfakultêre byeenkoms het prof P.J. van der Merwe van Afdeling A 'n voordrag gehou en ons dank hom dat hy dit tot ons beskikking gestel het.

Personalia

Ons redakteur, kollega Willem Prinsloo het teen die einde van verlede jaar na Tübingen in Duitsland vertrek met studieverlof tot Julie 1983. Ons wens hom in die besonder geluk dat 'n Alexander von Humboldt-beurs aan hom toegeken is en ons weet dat hy die tyd baie vrugbaar sal gebruik.

Ons hartlike gelukwense aan kollega Flip van der Watt wat tydens die sinodesitting in Pretoria op die Breë Moderatuur verkies is. Ons Fakulteit is weer eens verteenwoordig op die Breë Moderatuur. Ons bid die Breë Moderatuur sterkte toe vir hul werksaamhede.

Ons wens kollega Bertus van Zyl baie geluk met sy huwelik. Ons sê baie welkom aan sy vrou Rita. Ons hoop dat sy gou tuis sal voel in ons geleedere.

C.F.A.B.